# Hoofstuk van die dag: Nehemia 9

> *Dit is U! U alleen is Here! (vers 6)*

Twee goed val in hierdie aangrypende gebed op. Eerstens word God geprys omdat Hy Here van hulle lewe en hulle geskiedenis is. Hy het in die verlede telkens en op verskillende maniere

ingegegryp om hulle te help om hulle geloof in Hom te behou. Hy het hulle oorlaai met sy goedheid en gawes en sorg. Die verlossing uit Egipte en sy leiding by Sinaï en deur die woestyn, en die beloofde land was bakens van sy sorg en voorsiening.
Ongelukkig was dit net die een kant van hulle geskiedenis. Die ander kant was hulle ontrou aan God, wat met 'n groot MAAR ingelui word (vers 16 en 26). Dié opstandigheid en ontrou het hulle hele geskiedenis gekleur, totdat hulle later alles verloor het wat God in sy goedheid aan hulle geskenk het (vers 36).
Sonde is onverstaanbaar. Dit bring ellende op ellende, en tog hou jy aan om dit te doen.
Soos die Jode kan ons ook terugkyk en ons sonde raaksien, en van God se genade getuig. Maar anders as die Jode sien ons 'n kruis in ons verlede, waar Christus die houvas van sonde gebreek het. Dáárom, en net daarom, lyk ons eie verhaal anders as die Jode s'n.

## Onlangse Bydraes


- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026